

Ds. A. W. C. Bester
Calvinia
27 Augustus 1972

Onderwerp: Jongmens op die lewensee
Jeugdiens

Lees: Eségiël 27 verse 1 tot 12 en 25 tot 36

Teks: Eségiël 27 vers 26

Sing: Psalm 118 vers 14
Psalm 142 verse 1, 2 en 4
Gesang 92

“Esegiël kondig in hierdie profesie ’n oordeel aan oor Tirus. Dit was een van die pronkstede van die Ou Tyd. Dié hawe, wat geleë was aan die noordkus van die Heilige Land, was feitlik die middelpunt van die destydse bekende wêreld. Dit was ’n skakel tussen die Ooste en die Weste. Lang karavane van kamele met skatte belaaï, het uit Persië en Babilonië gekom om dit by Tirus te verskeep na lande soos Griekeland en Egipte. Dit het Tirus ’n welvarende stad gemaak.

“Bo alles het Tirus uitgemunt in die skeepsboubedryf. Die Líbanon, met sy kosbare soorte hout, was nie vêr van hierdie stad geleë nie; en die Feniciërs, soos hulle volk geheet het, staan tot vandag toe bekend as die grootste skipbouers van die Ou Tyd.

“Hulle het dit eers met klein vaartuigies al langs die kus gewaag. Namate hulle bedrewenheid en tegniek verbeter het, is groter en sterker vaartuie gebou. Uiteindelik het hulle die Middellandse See oorgesteek. Só het Tirus belangrik geword en uitgestyg bo sy buurstede.

“Dit is hierdie stad waarmee die profeet Eségiël te doen het. Hy het haar vergelyk met ’n pragskip - die sieraad en trots van die bouers. ’n Pragskip wat na voltooiing deur haar roeiers uit die veilige skeepswerf na die groot waters gebring sou word, waar sy in al haar prag en praal en skoonheid en krag getoets sou word.

“Esegiël het geprofeteer dat hierdie pragskip op die groot waters sou ondergaan: ‘Omdat jou hart hoogmoedig was en jy gesê het: Ek is ’n god, ek bewoon ’n godewoning in die hart van die seë - terwyl jy tog ’n mens is en geen god nie - en jou hart gemaak het soos die hart van ’n god’. ‘Weens die menigte van jou

ongeregtighede, deur die onreg van jou koophandel, het jy jou heiligdomme ontheilig; daarom het Ek 'n vuur uit jou binneste laat uitgaan; dit het jou verteer, en Ek het jou tot as gemaak op die aarde voor die oë van almal wat jou gesien het. (Eség 28:2, 18)

“Eségiël het geprofeteer dat daar 'n dag sou kom dat almal wat die roeispans hanteer het, die skip sou verlaat en bitterlik sou skreeu. Dat hulle sou weeklaag en 'n klaaglied aanhef: ‘Nou is jy verbreek van die see af in die dieptes van die waters; jou koopware en jou hele menigte het saam met jou weggesink.’ (Eség 27:34)

“Hierdie profesie is vervul toe Tirus se skepe deur 'n Oostewind verwoes is en dié stad 'n voorwerp van rou en smaad geword het.

“Broers en Susters, in die profetiese woord oor Tirus lê daar 'n waarskuwing en les vir die jeug van ons tyd. Dit is 'n waarskuwing vir jongmense wat nie vir altyd die veiligheid en beskutting van die skeepsbouwerf van hul ouerhuis sal geniet nie, maar wat op een of ander tyd op die groot waters van die lewensee gebring en daar getoets sal word.

“Die Jeug is die fokuspunt in die groot stryd tussen God en Satan; die stryd tussen lig en duisternis, geregtigheid en sonde. Wie die jeug het, het die toekoms. Daar word oor die jeug gestry soos nog nooit tevore nie. Dit is daarom dat julle so in die gedrang is.

“Die kerk begeer om julle te bewaar vir God en sy koninkryk. Aan die anderkant span die Satan al sy helse kragte in om 'n houvas op julle lewens te kry. Die winde en golwe van die sonde is hewig.

“Daar word in ons dag baie trane gestort oor jong lewens wat met kosbare lewensvrag die dieptes in verdwyn het. Die smart en droefheid is groot oor hulle wat deur die Oostewinde van sonde en verleiding ondergaan. Die roeiers en bouers staan so dikwels verslae, teleurgesteld en vrydel by die ondergang van jongmense wat hulle met liefde bearbei het.

“Dit opsigself moet elkeen wat God aangestel en begenadig het om 'n bouer en roeier vir jong lewens te wees, tot waaragtige selfondersoek bring. Kan daar 'n groter verwyf wees as dat die jongmense waarna hulle omgesien het, geestelik skipbreuk gely het, omdat hulle swak toegerus en oningelig uitgestuur is op die groot waters van die lewensee, sonder die Stuurman, Jesus Christus, in hulle lewens?

“Broers en Suster, as daar ooit 'n tyd was waarin die bouwerk en toerusting in u kind se lewe goed moet

wees, is dit in hiérdie tyd waarin ons nóú lewe. Ons jongmense kom te staan teen die gekonsentreerde magte van die hel.

“Hier op die groot waters rondom ons, is daar dreigende deinings van ’n materialistiese wêreld wat elke lewensboot wil verslind. Alles het sy prys. Vir geld kan jy vandag enigiets koop: die eerlikheid van ’n man en die reinheid van die vrou. Enigiets, as jy net bereid is om die prys te betaal. Vir hoeveel het hierdie oostewind nie té sterk geword nie?

“Wanneer Mammon van jou besit kry, kry sy vleeslike en stoflike koue hand ’n houvas op jou siel. Dan moet God wyk en plek maak vir ander gode. Dan verdwyn gebed en die geestelike drange van die siel.

“Jongvriend, julle mag nooit in julle stryd teen die sonde, die bouers en roeiers van julle lewensboot vergeet nie. As jy môre en oormôre die magtige golwe moet trotseer, moenie jou Pa en Ma en almal wat gehelp het om vorm en rigting aan jou lewe te gee, vergeet nie. Soos die boumeesters van Tirus het hulle: ‘... jou skoonheid volkome gemaak. Van sipresse ... het hulle vir jou al die plankwerk gebou; ’n seder ... het hulle geneem om op jou ’n mas te maak. Van eikebome ... het hulle jou roeispane gemaak; jou dek het hulle gemaak uit ivoor, *ingelê* in dennehout ... Veelkleurige fyn linne ... was jou seil’ (Eség 27:4-7) Net die beste was goed genoeg vir julle.

“Julle is die oogappel, die trots van julle ouers. Julle is die hoop van ons Volk en Kerk. Julle is vir ons kosbaar en dierbaar. Geen groter ramp en smart kan ons tref, as dat daar iets met julle moet skeef loop nie. Waar julle, jul ookal op die lewensee bevind, onthou, julle bouers en roeiers staan op die wal en volg julle vaart met belangstelling, gebed en geloof.

“Die wêreld daarbuite belooft aan julle absoluut alles wat julle begeer en bied dit boonop aan op versilwerde skottels. En so kom julle in versoeking om te dink dat julle God nie nodig het nie.

“Wat van die ewige skade en skande van die jongman wat in die kroeg die eerste stappe neem na ’n lewe van drankmisbruik en alkoholisme? Óf die sedelose vreemdeling wat die jongdogter beroof van haar kosbare skatte van reinheid en deug, en dan onder die menigtes verdwyn? Die voorbehoedpil, liewe seun en dogter, kan baie dinge voorkom, maar kan jou uitlewer aan geslagsiektes waarmee jy nie rekening gehou het nie; en jou siel dompel in duisternis en dood.

“God alleen ken die smart van vele ouers oor ongehoorsame kinders. God ken die eensame versugting van ouers wat vir hul verlore kind bid: mag God Hom ontferm en my verlore seun en dogter terugbring na die veilige hawe van ons Hemelse Vader. Óf die smart en trane as hulle, soos Dawid, moet ween oor ’n gevalle seun en dogter wat onder die golwe verdwyn het: ‘My seun Absalom, my seun, my seun Absalom! Ag, as ek self maar in jou plek gesterf het! Absalom, sy seun, my seun!’ (2 Sam 18:33)

“As daar ’n gebod is wat julle nooit mag vergeet nie, dan is dit die vyfde gebod: ‘Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee.’ (Ex 20:12) Elkeen wat oor hierdie stopteken in God se Woord ry, neem letterlik sy lewe in eie hand.

“Die ouer het vandag mos sy gesag verloor, nie waar nie? Maar om hulle te eer, beteken om hulle te aanvaar omdat hulle ’n geskenk van God is en God se keuse vir jou lewe is.

“Hoe kan ’n kind sy ouer verag of vergeet? Hoe kan ’n blom die son vergeet wat hom gekoester het? Hoe kan die seeman die ster vergeet wat hom deur die donker nag gelei het? Hoe kan ons dan ons ouers gaan begrawe, nog voordat hulle gesterf het?

“Om hulle te eer, beteken om dit wat vir hulle heilig was, selfs ná hulle dood te eerbiedig. ’n Vader en Moeder sterwe nooit! Nee, hulle leef voort.

“Dit beteken nie dat ons moet maak asof hulle geen tekortkominge en foute het nie. Hulle is ook mense. Maar om hulle te eer, is om geduldig te wees met hulle swakhede.

“Jongvriend, wees getroos, jy is nie alleen op die groot waters van die lewe nie. Jy staan nie alleen in hierdie sondige en koue wêreld nie. Behalwe die gebede en belangstelling van dierbares en ander, is jou Kerk vir jou ’n veilige hawe. Wie kontak verloor met die Kerk, verloor kontak met God. Deur die sondegskool, ACSV [Afrikaanse Christen Studente Vereniging] en die KJV [Kerk Jeug Vereniging] en ander, steek die kerk sy hand van liefde en belangstelling na jou uit. Gryp dit aan. Kom sluit aan by hulle wat veiligheid en beskutting in Jesus Christus gevind het. Daar is geen blyer en gelukkiger mense as hulle wat by God kan skuil nie. ‘Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle!’ (Fil 4:4)

“In die naam van God doen ek ’n beroep op julle en veral julle wat nog op die drumpel van die lewe staan,

om vandag vir die eerste keer, of by vernuwing, julle onverdeeld aan God te wy en te sê in die woorde van Gesang 100 vers 7:

“Ek sal my aan U wy o HERE;
 “ywerig soek u naam ter ere;
 “welbehaaglik U te lewe;
 “na volkomendheid te strewe.’
 “Amen.”

Kommentaar:

Dominee Bester het in ’n preek op 17 Augustus 1975 gesê:

“Van Sinodale kant word ons opgeroep om op hierdie dag in besonder in ons gebede te dink aan die werk wat ons kerk doen vir ons dooplidmate.

“Die 273,731 kinders het ons gebede nodig ...

“Vanmôre dank ons die Heer vir 23,727 onderwysers wat Sondag na Sondag die saadjie van God se Woord saai in kinderharte.

“Ons dank God dat 30,697 van ons jongmense gelei kon word om belydenis van geloof af te lê.”

Die NG Kerk is tot niet, grootliks as gevolg van die doelgerigte en berekende infiltrasie en vernietiging deur die Vrymesselary. Hierdie Sondagskool-onderwysers en die kinders wat hulle opgevoed het, is nie meer daar nie.

Wat kan ons daaromtrent doen? Moet ons dit maar net gelate aanvaar?

Ons voorouers het vir hulle geloof veel erger bedreigings in die gesig gestaar en desnieteenstaande oorwinnend volhard in hulle geloof.

Die HERE roep vir jou en vir my, juis in ’n tyd soos hierdie, om sy werk te doen.

Het jy al ervaar wat dit beteken om vir die HERE te werk?

Begin eers by die mense naby jou. As jy ’n ouer is, ken jou kinders die HERE? Is Jesus Christus hulle Verlosser en Leidsman? Hou julle elke aand as gesin saam huisgodsdienst? Daar is niks anders wat ’n gesin só saambind nie. Het jy dit al ervaar?

As jy ’n enkel jongmens is, hou elke aand jou eie huisgodsdienst. Begin met die Psalms; of dagstukke geskryf deur ’n ware Christen.

Wat jou verhouding as jongmens met jou gemeenskap betref:

Begin 'n Bybelstudiegroep met jou vriende en ander gelowiges. Oorweeg die bestudering van die Belydenisskrifte. Dit gee 'n grondige kennis van die Bybel en die Evangelie en stel jou in staat om dwaalleer te identifiseer. Deel terselfdertyd elke dag se opwindings en uitdagings van Christenskap met mekaar.

Gee kopië van preke, soos Dominee Bester s'n, aan Christengelowiges (en ongelowiges) in jou gemeenskap. Jy kan hierdie webadres gee aan gelowiges, selfs al is hulle aan die anderkant van die wêreld.

As daar nie meer 'n kerk of 'n ware Christenkerk in jou gemeenskap is nie, begin 'n huiskerk. 'n Paar jongmense kan elke Sondag bymekaar kom en saam 'n preek lees. Onthou Jesus Christus het gesê: "... waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hulle midde." (Mat 18:20)

Waak daarteen om nie bestaande ware Christenkerke met huiskerke te fragmenteer nie.

Vra wat die HERE se wil vir jou is en gaan doen dit. Dit sal aan jou 'n vervulling en 'n rus vir jou siel gee, wat jy nêrens anders kan kry nie.

God en Jesus Christus sal jou deur die Heilige Gees daartoe bekwaam.

Volk

Dominee Bester gebruik in hierdie preek die woord *volk* - wat tans 'n negatiewe konnotasie het. Dit is die gevolg van sielkundige oorlogvoering deur Nuwe Wêreldorde voorstanders wat 'n amorfe identiteitslose mensemassa deur vermenging tot stand wil bring, wat nie sal kan saamstaan teen die Nuwe Wêreldorde nie.

Hou in gedagte dat God self volke geskep het met die spraakverwarring by Babel, juis om Satan se plan om die wêreld te beheer te verydel.